
# KOLLIG

**Junie 2017**

## Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging

Posbus 2108 E-pos: vdbpfotoklub@gmail.com
Sasolburg Webwerf: http://www.vdbp-photo.org/
1947 Facebook: https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub





# Johan Enslin

## Lion Art

**Runner-up Medalje**

**Open Colour Category**

**2nd Suikerbosrand National Digital & Print Salon**

**Inhoudsopgawe:**


Redaksie aan die woord ........ 2
Boodskap vanaf die Voorsitter ........ 3
Komiteelede ........ 4
Ander portefeuljes ........ 4
Klub Facebook ........ 4
Klub Webtuiste ........ 4
Lief en Leed ........ 5
Verjaarsdae ........ 5
LCD Skerms ........ 5
Food for thought ........ 5
Nuwe lede / Een en twee ster fotograwe ........ 6
Klub ledegeld – Elsa Brits ........ 6
Humor ........ 6
Opleidingskursus - 2017 ........ 7
Fotografie wenke – Koos Fourie ........ 8
Klub Dagboek ........ 9
Foto Inskrywings ........ 10
Wenners - Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging ........ 11
Voorsitterstrofee 2017 – Straatfotografie – Koos Fourie ........ 11
Mei 2017 Klubaand ........ 12
Sertifikate van Meriete (COM) – Mei 2017 Klubaand ........ 15
Fotografie geleenthede ........ 17
Werkswinkel ........ 18
PSSA Interklub Kompetisie ........ 18
PSSA ........ 18
PSSA Kongresse ........ 19
PSSA Salonne – Fotografiejaar 2016/2017 ........ 19
PSSA Salonne Impala Trofee Fotografiejaar 2016 - 2017 ........ 20
Salon uitslae ........ 20
Kollig snuffel rond ........ 21
Vorderingstaat - Johan Enslin en Chanel Enslin ........ 22


# Redaksie aan die woord

Daar is ŉ tyd om te kom en ŉ tyd om te gaan. So lui die spreekwoord al van toeka se tyd af. Met bietjie heimwee is hierdie die laaste Kollig van die huidige redaksiespan.
Eerstens wil ons net opreg dankie sê dat ons vir 4 jaar die geleentheid en voorreg gehad het om deel van hierdie projek te kon wees. Dit was pret, harde werk, opwindend en net doodeenvoudig lekker om die klub se suksesse en lief en leed met almal te kon deel. Louisa se enorme rol wat sy gespeel het om te sorg dat die Kollig al ŉ silwer en brons medalje by die PSSA kon losslaan kan nie misgekyk word nie. Ons hou duim vas vir hierdie jaar se inskrywing.
Ons wil net vir Brenda Karsten alle voorspoed toewens. Sy vat nou die leisels oor en daar is geen twyfel dat sy die Kollig na nog hoër hoogtes sal vat nie. Go Girl!



Vir Oulaas…
Kollerige groete
Henk

## Boodskap vanaf die Voorsitter



Ons tema vir Junie maand se klubaand is “Wildlife”. Hoe gelukkig is ons nie om in Suid-Afrika te kan leef waar daar volop geleenthede is om foto’s van die wildslewe te kan afneem nie. Daar is verskeie parke en reservate en met ’n klein bietjie moeite kan ons baie maklik daar uitkom. Jy kan self bestuur in die omgewing of jy kan dalk op ’n oop voertuig wat spesiaal vir wildsritte ontwerp is, ry. Die kersie op die koek is seker wanneer jy die geleentheid kry om op ’n voertuig of  ’n boot te kan ry waar daar ’n “ingeboude driepoot” is en jou stoel van so aard is dat jy baie maklik en vinnig in enige rigting kan draai. In sommige parke en reservate is daar spesiale skuilings gebou waaruit jy die diere en voëls vanuit kan afneem. Die geleenthede is amper legio.





Jy kan die wilde diere afneem of die voëllewe of dalk kan jy vir die makro opsie gaan. Dan het jy die opsies om die diere in hulle natuurlike omgewing af te neem (landskap wat die diere insluit), of die foto met minstens ’n derde van die dier(e) te vul, of as jy baie naby is, of ’n groot lens gebruik, of in-zoom om sekere liggaamsdele af te neem.

Omdat daar so baie geleenthede vir wildslewe fotografie is, is die standaard vir “Wildlife” foto’s hoog en moet jy ’n goeie foto inskryf om ’n goue toekenning by die klub of ’n Salon aanname te kry. Dis dan wanneer foto’s wat stories vertel en waar aksie mooi vasgevang is goed doen. Foto’s moet as ’n reël lekker skerp wees (baie hoë sluiterspoed gebruik) en waar daar besonderse beligting aanwesig is, word die impak net soveel beter. Hoeveel keer het ons al gehoor dat die oog skerp moet wees en dat komposisie ook ’n rol speel. ’n Ander opsie is om doelbewus ’n stadige sluiterspoed te gebruik om die beweging vas te vang. Ander moontlikhede is om die “panning” tegniek te gebruik of om ’n “rim light” om ’n dier te kry. Mooi foto’s word ook geneem waar die dier(e) in die reën sit.

Die lekker van “Wildlife” fotografie is dat baie min mense “dieselfde” foto neem. Jy moet egter geduld aan die dag lê en ten alle tye op jou hoede wees vir daardie spesifieke oomblik. Kennis van spesifieke diere/voëls se gedrag is ’n groot plus punt want dan kan sekere volgende bewegings in ’n mate “voorspel” word.

Hierdie genre van fotografie is baie genotvol, veral as daardie een foto sy ding doen van die foto’s wat tydens so ekskursie geneem is. Dit laat gewoonlik mooi herinneringe as daar later weer daarna gekyk kan word. Daarom is dit geen wonder dat daar in omtrent elke voertuig deesdae waar “Wildlife geleenthede is, ten minste een kamera in die voertuig is nie. Geniet jou volgende geleentheid waar jy “Wildlife” foto’s kan gaan neem ten volle.

Groetnis, tot ons weer gesels,
Koos Fourie



## Komiteelede

| | | |
|---|---|---|
| **Voorsitter:**<br>**Koos Fourie APSSA**<br>016 889 4090 (w)<br>083 468 1173 (s)<br>Koosfourie@telkomsa.net | **Vise-voorsitter; Nuwe lede; Klubtoerusting:**<br>**Francois Roux MPSSA; Hon FPSSA; EPSSA; AFIAP**<br>082 572 3560 (s) 016 421 1034 (w)<br>froux@jbv.co.za | **Sekretaris:**<br>**Renee Storme**<br>016 976 2671 (w)<br>082 452 2539 (s)<br>Chanre1@telkomsa.net |
| **Skakelbeampte:**<br>**Johan Brits FPSSA**<br>016 970 1717 (w)<br>082 718 8394 (s)<br>tsawa@yebo.co.za | **Tesourier/Korrespondensie:**<br>**Elsa Brits**<br>016 973 3205<br>083 287 7446(s)<br>Elsa.brits@gmail.com | **Webwerf:**<br>**Hennie Karsten LPSSA**<br>083 715 2167 (w)<br>082 321 2742 (s)<br>Hennie.Karsten@gjima.com |

## Ander portefeuljes

| | | |
|---|---|---|
| **President van PSSA:**<br>**Francois Rousseau APSSA**<br>0725387555<br>francois@keepitsimple.co.za | **Photovault:**<br>**Johan Enslin APSSA**<br>016 932 2992<br>081 011 9114<br>johan.enslin33@gmail.com | **Geskenke:**<br>**Werner Nell**<br>016 932 2604<br>082 407 7015<br>werner.nell@nwu.ac.za |
| **Westelike Gauteng Streeks Direkteur:**<br>**Francois van Jaarsveld LPSSA**<br>0836599657<br>francoisvanjaarsveld@gmail.com | **Vordering;**<br>**Fotograaf van die jaar**<br>**Chanel Enslin**<br>082 870 7024<br>chanele@telkomsa.net | **Redaksie:**<br>**Henk Scheepers APSSA**<br>016 931 1755 (w)<br>072 260 0513<br>henks@hsattorneys.co.za |
| **Facebook:**<br>**Frank dos Santos**<br>082 978 8381 (s)<br>santosandson@telkomsa.net | **Klanksisteem:**<br>**Pine Pienaar**<br>016 980 2524<br>083 635 8504<br>pienaarp26@gmail.com | **Redaksie:**<br>**Louisa Scheepers APSSA**<br>016 971 9052 (w)<br>082 376 0352<br>louisa.scheepers@me.com |

## Klub Facebook

We are a local photographic club where amateurs and enthusiasts can meet and share images of various genres.

## Klub Webtuiste



Jy kan op die volgende skakel kliek http://www.vdbp-photo.org/ of jy kan ook op die onderstaande foto kliek indien jy ŉ aktiewe internet konneksie het, om toegang tot die webtuiste te verkry.

*Onthou dat jy die Online – kompetisie uitslae en kommentaar ook op die webtuiste kan sien.*

## Lief en Leed



Nicolaas Louw se dogter Enette se klein Cara is 19 Mei 2017gebore. Baie geluk ook aan die Oupa en Ouma.

Elsa Brits is besig met haar behandeling. Susan Jacobs is klaar met haar behandeling. Sterkte aan julle twee.

Steeds bly Oom Willie Roux in ons gedagtes.

## Verjaarsdae

**Die volgende lede verjaar in Junie en Julie:**

| Junie | |
|---|---|
| 2 | Francois Roux |
| 3 | Dion Zijlstra |
| 9 | Johan Froneman |
| 14 | Marina Louw |
| 15 | Elrick du Toit |
| 16 | Anmar Collins |
| 23 | Dilani Grobler |
| 23 | Johan Coetzee |
| 27 | Rika Weerts |




| Julie | |
|---|---|
| 1 | Nicky J. van Vuuren |
| 5 | Johan Enslin |
| 7 | Christa Ferreira |
| 7 | Jaco van Basten |
| 13 | Anzel Collins |
| 13 | Grietjie Nel |
| 15 | Hennie Karsten |
| 17 | Johan Brits |
| 18 | Dorothy Zijlstra |
| 26 | Karin Nel |
| 28 | Barbara Matthyser |

Is jou naam nie op die verjaardaglys nie? Laat weet asseblief sodat dit reggestel kan word op die ledelys Elsa.brits@gmail.com

## LCD Skerms

LCD skerms moet ongeveer een keer per maand gekalibreer word. Die klub se Spyder is dus beskikbaar vir die persone wat dit sou wou gebruik. Francois Roux hanteer die klub se fotografietoerusting en sal dus van nou af vir die uitleen van die Spyder verantwoordelik wees. Maak gerus enige tyd kontak met hom om te hoor wanneer jy die Spyder sal kan leen. froux@jbv.co.za




ŉ Ander opsie is om van die metode op PSSA se webtuiste gebruik te maak. Die volledig artikel, sowel as enige van die foto's wat jy sal benodig, is ook daar beskikbaar. Indien jy bo-oor die ikoon links beweeg sal jy ŉ direkte toegang tot die webbladsy kry (indien jou rekenaar dit toelaat).

Natuurlik kan jy ook jou eie Spyder koop. Maar asseblief, dit is as ŉ reël nie beskikbaar by ŉ troeteldierwinkel nie. En ook staan dit nie bekend as ŉ Tarentula nie.

## Food for thought



## Nuwe lede / Een en twee ster fotograwe




# Elrick du Toit

Praat gerus met Elsa Brits - 0832877446(s) of per e-pos: Elsa.brits@gmail.com

Sy het heelwat inligting wat baie handig te pas kan kom.

Probeer ook die volgende links: http://www.vdbp-photo.org
https://www.facebook.com/VdbpPhotoClubhttp://www.pssa.co.za/

Indien jy die eerste keer Photovaultonline wil gebruik om 'n foto op te laai vir die klub kompetisies, moet jy eers registreer.

Gaan na http://www.photovaultonline.com en kliek op die registreer opsie en vul die nodige velde in. Sodra jy die bladsy 'submit' sal 'n e-pos na die gespesifiseerde e-pos adres gestuur word. In die e-pos sal 'n webadres wees wat jy moet volg om die registrasie te voltooi. Onthou om ook in die 'junk' vouer te kyk as jy dink dat jy nie die e-pos ontvang het nie. Hierna kan jy inteken op Photovaultonline met die gekose 'Login id' en wagwoord wat ook in die bevestigings e-pos sal verskyn.

## Klub ledegeld – Elsa Brits




Die klub se boekjaar strek van 1 Julie – 30 Junie.


Klub ledegeld kan of by Elsa of direk in die bank inbetaal word. Onthou dan net om 'n bewys van betaling aan Elsa te stuur: Elsa.brits@gmail.com

Vir boekjaar wat eindig 30 Junie 2018:
i. PSSA lede: R120 per gesin
ii. Nie-PSSA lede: R165 per gesin
iii. Pensioenarisse: R50 per gesin.

**Bank besonderhede:**
**Vanderbiljparkse Fotografiese Vereniging**
**ABSA Spaarrekening 92 450 707 16**



## Humor






## Opleidingskursus - 2017

# Fotografiekursus ... Fotografiekursus ... Fotografiekursus
Fotografiekursus ... Fotografiekursus ... Fotografiekursus





Fotografiekursus ... Fotografiekursus ... Fotografiekursus

Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereeniging bied weer 'n 4-dag fotografie kursus aan op 16/17 September 2017 en 21/22 Oktober 2017. Die kursus is daarop gemik om beginner fotograwe 'n stewige grondslag te gee in die korrekte gebruik van hulle kameras en toerusting. Die teoretiese opleiding sal telkens opgevolg word deur praktiese klasse in o.a. landskap; natuur; sport; makro en portret fotografie. Jy sal ook geleer word om basiese fotoverwerking in Photoshop te doen.

Kostes beloop R2500 pp vir die 4 dae wat 'n ligte ete en verversings insluit.

Die span kundige aanbieders word gelei deur die Vise-president van die Fotografiese Vereniging van Suid Afrika, Francois Roux. Kontak Henk Scheepers by 072 2600513 (henks@hsattorneys.co.za), vir meer inligting.






Fotografiekursus ... Fotografiekursus ... Fotografiekursus

Ons opregte dank aan Elsje Vermeulen en Vaalweekblad dat julle so ywerig ons fotografiekursus geadverteer het. Ons waardeer dit werklik.

**Vaalweekblad**

Ons wil ons lede aanmoedig om gerus ons plaaslike nuusblad aan te koop. Nie net is daar gereeld foto's wat ons lede geneem het daarin nie, ook is dit 'n puik plek om fotogeleenthede op te spoor.

## Fotografie wenke – Koos Fourie

**How to Photograph an Elephant**

- ***Portraits*** – what they look like – We will use a long lens possibly with a converter to go in very close to emphasize the different aspects of the elephant – showing detail for instance of the trunk or of the hair on the baby's back.
- ***Landscape*** – where they live – It is important to include their living space so that the images go beyond the straight record and place the elephant in their natural terrain, otherwise you might as well photograph them in a zoo.
- ***Action***- what they do – observing and recording behavior makes for more interesting experiences and ultimately better images. One needs to always be prepared and ready to shoot that special moment in time. Elephants are social creatures, which makes them fun to photograph.
- A group of elephants at Kenya's Samburu National Reserve. Familial relations of elephants are complex, various, and fascinating.
- While they may not resemble humans in appearance, they are like us—social, intelligent, playful, emotional, vulnerable. "Elephant's' strong social attachments are what make them special"
- Whether you are on safari in, visiting a sanctuary, or on a trip to the zoo, the key to a great photograph lies in understanding elephant behaviour so that you can photograph—and appreciate—
- Elephants are social creatures. what makes them truly magical.If you have the chance to see them in the wild, it is well worth taking the time to wait and see what unfolds.
- "Elephants gather in small family groups. If you see a baby elephant, don't leave. Wait and follow that family because every elephant wants to see and smell that baby. If you spend the day with [them], I assure you something magical will happen."
- "If you see a big bull elephant and another is not too far away, they will eventually greet each other by wrapping their trunks around each other. It's a way of shaking hands and of sharing scent."
- Although sometimes it is just fun to roll around in the mud, a mud bath has its utility, serving to cool and protect against the sun and parasites.
- Midday may be the time when the light is harshest but it is often the time when elephants will seek refreshment and recreation in a watering hole or mud pit, Nichols says.
- Go to a source of water if it is nearby. "There will be a lot of play and fooling around. Elephants standing there is boring. Elephants playing with other elephants is fantastic."
- Arrive before the elephants do so they can see you as they come nearer and get used to your presence. "When you're photographing it's not about being a part of things. You don't want a picture of them interacting with you. You want them interacting with each other."
- Finally, if you are going to be sitting in one place for a while, position yourself where the light will ultimately work to your advantage as the sun moves across the sky. You want to be where you will
- Elephants don't like humans on foot, so your best options are photographing from a car or elevated area. And never approach an elephant. Let them come closer to you. Then you can put away the telephoto lens and use a wide angle instead.
- "Elephants operate by smell, not sight," And those sensory memories are strong. If a scent is associated with past danger, they will either charge or run away depending on the situation.
- "When elephants are habituated to humans in cars, they will allow a much closer visit if they have seen the car before and smelled the same smells that did them no harm."
- An expensive telephoto lens is not going to get you an interesting picture, Nichols says. While you might need one if you are photographing from a distance, like from a tree platform or an overlook, what makes your photograph a success is not the quality of your lens but the moment happening beyond it.

  And you definitely don't need special lighting. In fact, camera flashes agitate elephants.

# Klub Dagboek

| | |
|---|---|
| 16 Junie 2017 | **Aanlynkompetisie inskrywings sluit** |
| 20 Junie 2017 | **Klub inskrywings sluit** |
| Junie<br>**19h00 vir 19h30**<br>Klipriver Country Estate | <br>Werkswinkel! Opleiding en Beoordeling-opleiding.<br>(Elke 3de Dinsdag van die maand – uitgesluit Junie, Julie en Desember)<br>**Sien meer inligting onder Werkswinkel banier.** |
| **23 Jun 2017**<br>**4de Vrydag van Junie**<br>**(16 Junie Jeugdag)**<br>NWU –Vaalrivier kampus<br>Samancorgebou 6-G02<br>**18h30** | **Wildlife – Rene Storme**<br>Images must be of animals, birds, insects, reptiles, marine or plant life, such that a well-informed person could testify to its true representation. Emphasis will be placed on action and storytelling above aesthetics. Images depicting cultivated plants, domestic animals, still life studies, mounted specimens or museum Images depicting cultivated plants, domestic animals, still life studies, mounted specimens or museum exhibits are not allowed. Only images that do not alter the truth of the photographic statement will be eligible and Digital manipulations are not allowed in this section. Monochrome nature images are eligible for this section. NO MACRO NATURE or NO NATURE LANDSCAPE images may be entered into this category.<br>**Minireeks – aand** |
| **1 Julie 2017** | **Sluitingsdatum: Jaarkompetisie inskrywings**<br>**Soos elke jaar word ons lede aangemoedig om in te skryf, al het jy nie tien foto's nie. Indien jy een van jou HD foto's as deel van jou paneel wil inskryf, word jy gevra of jy asseblief die formaat daarvan sal aanpas na die gewone klubinskrywings foto grootte (1024 x 768 max 500kb)** |
| **8 Julie 2017** | **Sluitingsdatum: Voorsitterstrofee – Straatfotografie** |
| **21 Jul 2017** | **Jaarkompetisie**<br>**Daar is groot opgewondenheid oor die Jaarkompetisie. Daar is weer 'n borg! Moet dus nie vergeet om voor die nag van 1 Julie in te skryf nie.** |
| **29 Julie 2017** |  **Ysbeer uitstappie** |
| **Aug 2017** | **Musiek – Elsjé Vermeulen**<br>Hierdie tema bied 'n wye keuse: instrumente/sangers/musikante ens. – Enigiets solank mens kan sien musiek speel 'n rol.<br>**AV – aand** |
| **Sept 207** | **Trappe – Dorathea Steyn** |
| **16 – 17 September 2017** | **Beginnerskursus / Opleiding** |
| **Okt 2017** | **Water – Johan Enslin**<br>Die enigste vereiste is om die beoordelaars in staat te stel om "Water" varswater of seewater in die foto te kan identifiseer.  Die onderwerp is oop vir kreatiwiteit. |
| **21 - 22 Oktober 2017** | **Beginnerskursus / Opleiding** |
| **Nov 2017** | **Veelsydigheidskompetisie**<br>Scapes; Nature; PJ/Sport; Visual Arts/Altered Reality; Macro; Portrait (Humans only); Table Tops/Still Life; Architecture. |

## Foto Inskrywings

**Tydens die meeste van ons klubaande is teenwoordigheid verpligtend om te mag deelneem.**
**WEES DAAR en moenie vergeet om aan te teken nie ☺**




**Onthou dat 'n foto of soortgelyke foto nie twee keer ingeskryf mag word nie – Slegs tydens ons jaarkompetisie in Julie is dit toelaatbaar dat dieselfde foto wat al tydens klubaande vertoon is, weer die lig mag sien.**

<table>
<tr><td></td><td colspan="2">Hoeveelheid foto's per maand</td><td></td></tr>
<tr><td rowspan="7">Alle maande – uitgesluit Julie; November en Desember</td><td>Aanlyn deelname</td><td>1 foto</td><td>Hierdie word voor die klubaand beoordeel.<br>Teenwoordigheid nie verpligtend.</td></tr>
<tr><td colspan="3">Onthou dat Aanlyn foto's in HD formaat moet wees<br>Sien onder Vorderingstaat vir meer inligting</td></tr>
<tr><td colspan="3">Maandonderwerp</td></tr>
<tr><td>Ope afdeling</td><td>1 of 2 foto's</td><td rowspan="3">Maksimum van 3 foto's in die eerste twee afdelings + 1 foto in Monochrome afdeling<br>Teenwoordigheid verpligtend.</td></tr>
<tr><td>Monochrome</td><td>1 of 2 foto's</td></tr>
<tr><td>AV inskrywings & minireekse Klubteenwoordigheid – nie verpligtend</td><td>1 foto</td></tr>
<tr><td colspan="3"></td></tr>
<tr><td>Maart en Augustus</td><td>10 foto's (ingeskryf vanaf Augustus vorige jaar tot Junie huidige jaar)</td><td>Kriteria verskyn in die Kollig</td><td>Teenwoordigheid verpligtend.</td></tr>
<tr><td>Julie</td><td>Voorsitterstrofee</td><td colspan="2">Onthou die foto's mag reggemaak word voor inskrywing, soos deur beoordelaars aanbeveel.<br>Teenwoordigheid nie verpligtend.</td></tr>
<tr><td>November – Veelsydigheid</td><td>5 foto's volgens spesifieke kriteria</td><td colspan="2">Teenwoordigheid nie verpligtend, maar vir die wat nie teenwoordig is nie, tel hulle foto's se punte nie vir bevordering nie en kan hulle ook nie in aanmerking kom as wenners nie.</td></tr>
<tr><td>Desember</td><td colspan="3">Geen klubaand</td></tr>
</table>

Die oplaai van foto's geskied via http://www.photovaultonline.com. Indien jy onseker is hoe om dit te gebruik, gaan kuier gerus op ons webwerf http://www.vdbp-photo.org vir meer inligting.
PSSA lede moet asseblief hulle 'M' nommers op photovaultonline gebruik. Dit verskyn op julle lidmaatskapkaartjies. As julle onseker is, kontak gerus vir Ria Katzke van PSSA of Elsa Elsa.brits@gmail.com.

'n Foto wat volgens kommentaar deur die beoordelaars 'reggemaak' is, kan by die volgende klubaand saam met die oorspronklike foto vertoon word. Hierdie foto's moet vooraf aan Francois per e-pos gestuur word waarna hy 2 of 3 voorbeelde, wat gewerk het of nie, sal kies om tydens die daaropvolgende klubaand te bespreek.

Lede word daarop gewys dat die gebruik van dieselfde of soortgelyke foto in twee verskillende mediums byvoorbeeld in digitaal kleur en digitaal monochroom nie aanvaarbaar is nie. Dit word geheel en al ontmoedig.

| | | **Beoordelaars 2017** | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Onderwerp** | **A*** | **B** | **C** |
| 2017/06 | Wildlife | Koos Fourie | Henk Scheepers | Werner Nell |
| 2017/07 | Jaarkompetisie | Vereeniging Klub | | |

*A-beoordelaars het die reg om 'n toekenning wat gemaak is te wysig indien hy/sy dink dat die toekenning foutief is. A-beoordelaars moet asseblief hierdie reël toepas. Na die beoordeling moet die A-beoordelaar die aand se beoordeling kortliks met die ander beoordelaars bespreek.

## Wenners - Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging

| Datum | Junior (1– 3 ster) | Senior (vanaf 4ster) | Maandonderwerp | | Monochrome |
|---|---|---|---|---|---|
| 2016/06/10 | Elsje Vermeulen | Haig Fourie | Mense | Hennie Karsten | Elsje Vermeulen |
| 2016/07/15 | Gerrie Labuschagné | Hennie Karsten | Voorsitterstrofee | Altered Reality | Chanel Enslin |
| 2016/08/19 | Gerrie Labuschagne | Koos Fourie | Blou | Elsje Vermeulen | Danie du Plessis |
| 2016/09/16 | Henry Swanepoel | Mietsie Visser | Nagfotografie | Mietsie Visser | Haig Fourie |
| 2016/10/17 | Elsje Vermeulen | Johan Brits | Kos | Sobrina Janse van Rensburg | Koos Fourie |
| 2016/11/18 | Elsje Vermeulen | Henk Scheepers | Veelsydigheid | Henk Scheepers | |
| 2017/01/20 | Nicky Jansen van Vuuren | Danie du Plessis | Hande | Elsje Vermeulen | Danie du Plessis |
| | Elsje Vermeulen | Brenda Karsten | | | |
| 2017/02/17 | Susan Jacobs | Chanel Enslin | Spreekwoorde | Danie du Plessis | Haig Fourie |
| | Nicolaas Louw | Mietsie Visser | | | |
| 2017/03/17 | Elsje Vermeulen | Hennie Karsten | Two of a kind | Sobrina Janse van Rensburg | Mietsie Visser |
| | Elsje Vermeulen | Werner Nell | | | |
| 2017/04/21 | Elsje Vermeulen | Johan Enslin | Sport | Henk Scheepers | Hanna Potgieter |
| | Dricky Gouws | Haig Fourie | | | |
| 2017/05/19 | Elsje Vermeulen | Renee Storme | Makro | Rensia Fourie | Jan Jacobs |
| | Dion Zijlstra | Brenda Karsten | | | |

Die wen foto's word in die plaaslike koerant geplaas, saam met 'n beriggie oor die klub. Indien daar lede is wat nie hulle foto's geplaas wil hê nie, laat weet asseblief vir Elsa Brits. Geen antwoord sal aanvaar word as instemming dat dit gepubliseer mag word.

Indien jy die gelukkige wenner is van die Junior en Senior afdelings, sal Francois Roux jou in **PSSA se klubkompetisie inskryf**. Baie geluk met jou wen. Hou PSSA se webtuiste dop. Ons glo sommer julle gaan baie goed doen.

## Voorsitterstrofee 2017 – Straatfotografie – Koos Fourie

**Omskrywing van die tema (my eie woorde):** Die tema gaan oor foto's van meestal alledaagse straattonele wat ons raak sien, maar gewoonlik min ag op slaan. Dis sal tipies tonele wees van arm gemeenskappe.

**Enkele voorbeelde:** Koerantverkopers, Petrolpomp Joggies. Straatverkopers/smouse, Skrot/afval Herwinners, Tuinwerkers, iemand wat 'n bondel hout of 'n emmer water op sy/haar kop dra, wasgoed was in 'n stroompie/rivier.

**Wenke:** Kyk uit vir gesigsuitdrukkings, stemming ("mood") en die foto moet 'n storie vertel. Vang daardie beslissende oomblik ("decisive moment") vas.

**Formaat:** Foto's sal slegs in Landskap formaat aangebied word.

**Medium:** Foto's sal slegs in Monochrome (swart & wit) aangebied word.

**Grootte:** HD formaat:

- Maksimum afmetings: 1920 x 1080 pixels.
- Maksimum grootte: 2 megabytes

**Aantal foto's:** Slegs een foto per fotograaf.

**Sluitingsdatum:** 8 Julie 2017



# Monochrome afdeling:

**Wenner: Jan Jacobs MK**

**Blessings - 12**



# Maandonderwerp:

**Wenner: Rensia Fourie 5***

**Grasveldwitjie b - 13**



# Ope Afdeling – Juniors:

**Wenner: ElsjeVermeulen 3***

**Dirty and Dedicated - 12**



**Naaswenner: Dion Zijlstra 2***

**Red Line Nissan - 12**



# Ope Afdeling – Seniors:

**Wenner: Renee Storme 5***

**Flying skimmer – 13**



**Naaswenner: Brenda Karsten 5***

**Rocky View – 12**



## Sertifikate van Meriete (COM) – Mei 2017 Klubaand

**Let wel dat alle COM'^s deur Haig elektronies aan die betrokke fotograwe gestuur sal word.**



**Maandonderwerp Afdeling:**
**Danie du Plessis MK**
**Robber Fly - 13**



**Maandonderwerp Afdeling:**
**Dion Zijlstra 2***
**Elegant grasshopper – 12**



**Maandonderwerp Afdeling:**
**Drieky Gouwe 1***
**Macro – 11**



**Maandonderwerp Afdeling:**
**Elrick du Toit 1***
**Crabspider – 11**



**Maandonderwerp Afdeling:**
**Hennie Karsten MB**
**Naaldekoker in Vlug – 13**



**Maandonderwerp Afdeling:**
**Koos Fourie MB**
**Groen Skoenlapper – 13**



**Maandonderwerp Afdeling:**
**Rensia Fourie 5***
**Grasveldwitjie b - 13**



**Monochrome Afdeling:**
**Chris Gouws 1***
**The Race must go on – 11**



**Monochrome Afdeling:**
**Nicky Jansen van Vuuren 1***
**Dare to be different - 11**



**Ope Afdeling:**
**Chris Gouws 1***
**Sonsopkoms Vaaldam – 11**



**Ope Afdeling:**
**Dion Zijlstra 2***
**Red Line Nissan - 12**



**Ope Afdeling:**
**Nicky Jansen van Vuuren 1***
**Memories - 11**



**Ope Afdeling:**
**Renee Storme 5***
**Flying skimmer - 13**

## Fotografie geleenthede



- Elke laaste Sondag van die maand op Walkerville skougronde is motorfietse.
  - SAMX Nationals Onthou jou glimbaadjie! http://www.samxnationals.co.za/
- Padwedrenne – Cycle Lab webtuiste http://www.cycleevents.co.za/category/road-events/
- Bergfietswedrenne – Cycle Lab webtuiste http://www.cycleevents.co.za/category/mtb-events/
- Warrior Race http://advendurance.com/warrior/
- 8 – 23 Julie 2017 Hockey World League – Johannesburg
- AFCON Hockey 18 – 27 Augustus 2017
- Gauteng Cano Union – Race Calendar 2017/2018 http://www.gcu.co.za/gcu-race-calendar-2017-2018-for-planning-purposes/gcu-race-cal-2017-2018_final_revised/

## Werkswinkel

Onthou elke derde Dinsdag van die maand – uitgesluit **Junie**, Julie en Desember – word daar 'n werkswinkel aangebied deur Vereeniging Photographic Society. Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging is nou al so deel daarvan dat ons elke tweede geleentheid aanbied.




Venue: **Klipriver Country Estate**
Tyd: **19h00 vir 19h30**


## PSSA Interklub Kompetisie

Wat 'n opgewonde tyd is hierdie nie. Ons moet inskryf vir PSSA Interklub kompetisie wat net soos die digitale nuusbrief en die webtuiste kompetisies ook 24 Junie 2017 sluit.




Daar is besluit dat die komitee uit die afgelope fotografiejaar se maandwenners, COM's en ander uitstaande foto's sal kies om vir hierdie belangrike kompetisie in te skryf. In die verlede was Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging goeie kompetisie vir die ander klubs. Hierdie jaar is ek sommer baie opgewonde oor ons inskrywing.
Hennie Karsten sal die Webtuiste kompetisie inskrywing hanteer en Henk en Louisa Scheepers sal die Kollig inskryf.

## PSSA




Kontak asb. membership@pssa.co.za as enige van jou persoonlike inligting in die afgelope 3 jaar verander het.
Indien ons lede by PSSA aangesluit het, laat weet asseblief - Elsa.brits@gmail.com

Vir meer inligting oor PSSA, gaan besoek gerus die webtuiste. http://www.pssa.co.za/

**Dit is die moeite werd om PSSA se webtuiste op 'n gereelde basis te besoek. Daar is konstant nuwe inligting en oulike kompetisies.**

## PSSA Kongresse




### The Streets of Jozi – 2017 PSSA National Congress

Join us from 24 September to 29 September to experience Johannesburg and its hidden treasures that you did not know exists!
This congress is all about street and urban photo opportunities in places you would normally not have access to.
Photograph from the rooftops of the city, "hang-out" with fellow photographers at all the rejuvenated spots in the city, whizz through the city on the *Big Red Hop-on-Hop-off bus*, learn all about street, urban and travel photography from international host of "The Candit Frame" – Ibarionex Parrelo as well as local award winning photographers. Join us at PhotoZA gallery in Rosebank to celebrate Street and Urban photography with an exhibition of your won photographs.
The venue for the congress is the conference facilities at Emirates Airways Park (formally known as Ellis Park).
Delegates will be limited to 250 to ensure a very exclusive experience.

## PSSA Salonne – Fotografiejaar 2016/2017

En dit is sowaar die laaste PSSA Salon vir die fotografiejaar 2016/2017. Verstommend hoe vinnig 'n jaar verby gaan.

2017.06.10 - Bloemfontein Kameraklub Salon

Baie dankie en geluk aan al ons lede wat so gereeld ingeskryf het. Dit was voorwaar heerlik om julle vordering dop te hou. Julle bly ons trots en dit bly vir ons 'n genot om met julle te spog. Ook is dit vir my pure plesier om te sien hoe daar op 'n gesonde manier gewedywer word om bo-aan die Impala Trofee (sien uitslae onder die volgende banier) te wees. Soos altyd kan ek nie wag om te sien wie die jaar gaan seëvier nie.
Dan natuurlik is dit altyd vir my heerlik om te sien wanneer ons lede hulle eerste salon aanname ontvang. Dit is soos gister wat ek onthou hoe ek na maande se gesukkel uiteindelik 'n aanname ontvang het. Daarom wil ek ons lede aanmoedig om nie moedeloos te word nie. Moet ook nie net blindelings sukkel nie. Ek wil weereens ons oulike komitee se hulp (sommer namens hulle) aanbied. Praat gerus met hulle. Elkeen is 'n kenner op die gebied van salon inskrywings.

Onthou om julle salon uitslae vir Chanel Enslin chanele@telkomsa.net te stuur om in aanmerking te kom vir die Werker en Fotograaf van die jaar.
Johan Enslin herinner die lede: " Lede moet daarop let dat die fotoklub korrek geselekteer word wanneer hulle inskryf vir Salonne. Indien nie, word dit gelys as "Independent" inskrywing.

## PSSA Salonne Impala Trofee Fotografiejaar 2016 - 2017




**Soos op 26 April 2017**

| Name | Nature | Open | Mono | Total |
|---|---|---|---|---|
| Karsten, Hennie | 18 | 63 | 23 | 104 |
| Fourie, Haig | 29 | 44 | 29 | 102 |
| Fourie, Koos | 17 | 43 | 19 | 79 |
| Visser, Mietsie | 23 | 24 | 13 | 60 |
| karsten, brenda | 6 | 37 | 11 | 54 |
| Brits, Johan | 19 | 18 | 9 | 46 |
| Fourie, Rensia | 8 | 21 | 13 | 42 |
| Enslin, Johan | 6 | 17 | 14 | 37 |
| Roux, Francois | | 22 | 8 | 30 |
| Jacobs, Jan | 2 | 13 | 9 | 24 |
| Labuschagne, Gerrie | 2 | 16 | 2 | 20 |
| Scheepers, Henk | 4 | 9 | 7 | 20 |
| Potgieter, Morne | 5 | 8 | 5 | 18 |
| Potgieter, Hanna | 1 | 14 | 2 | 17 |
| Enslin, Chanel | 7 | 6 | 1 | 14 |
| Pienaar, Pine | 2 | 10 | 1 | 13 |
| de Jager, Malinda | 2 | 6 | 2 | 10 |
| Janse van Rensburg, Sobrina | | 5 | 1 | 6 |
| Scheepers, Louisa | 1 | 4 | 1 | 6 |
| Storme, Renee | 2 | 3 | 1 | 6 |
| Nell, Werner | 2 | | 2 | 4 |
| De Beer, Suzy | 3 | 0 | 0 | 3 |
| Jacobs, Susan | 2 | | | 2 |
| Swanepoel, Henry | | 2 | | 2 |
| Nicolaas Louw | | 1 | | 1 |
| Vermeulen, Elsje | | | 1 | 1 |
| Zijlstra, Dion | | 1 | | 1 |

## Salon uitslae

**Indien jy nie seker is hoe Salonne werk nie, of hoe jy kan inskryf ... vra gerus een van ons komiteelede. Hulle is almal kundig op die vlak van Salonne.**

Geen nuwe uitslae beskikbaar nie

# Kollig snuffel rond



Vandag wil ek kuier in Kollig se verlede. Vir my het dit begin vandat Henk en ek by Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging aangesluit het. Elke maand het Juanita van Heerden die Kollig uitgestuur en ek kon gewoonlik nie daarvoor wag nie. Beslis was ek ŉ ywerige leser. Dit was vir my ŉ reuse teleurstelling nadat ek verneem het dat sy besluit het om die Kollig-tuig neer te lê. Met so bietjie boelie het ek Henk oortuig dat ons dit moet probeer oorneem, maar eintlik het ek my bedenkinge gehad of ons dit sou kon baasraak. Gelukkig kan ek dadelik noem dat daar soveel ondersteuning vanaf ons oulike lede was, dat die proses darem nie te pynlik was nie. Die hulp en advies vanaf die komiteelede was en is steeds uitsonderlik.

Wat 'n ongelooflike vier jaar was hierdie nie. Ek het so baie geleer … en dit was nie net van fotografie nie. Onder andere het ek geleer hoe werk Microsoft Word (en dit was 'n stywe leerkurwe vir iemand wat eintlik glad nie die program geken het nie), maar selfs meer as dit is my ondervinding van die lede van VFV. Julle het my 'nuus'-kierigheid aanvaar met ŉ gelantenheid wat bewonderingswaardig is.

Daar was wonderlike hoogtepunte. Een daarvan was net na ons eerste jaar as redaksie van die Kollig. Heel gepas was daardie jaar se PSSA kongres in Skukuza, Kruger Wildtuin. Tot vandag kan ek my algehele verstomming en ongelooflike verrasing onthou nadat ek gehoor het dat ons eie Kollig as die wenner aangewys is in die Digitale Nuusbrief afdeling. Orals deur die gehoor kon ek hoor hoe juig van ons lede wat daar was. Soveel so dat Anne de Oliviera daaroor ŉ opmerking gemaak het. En tot vandag kry ek nog steeds trane in my oë wanneer ek onthou hoe groot die oomblik vir my was. Ek kan seker maar noem dat ek beslis heelwat trane moes afvee daardie dag. Dat ons ŉ silwer PSSA medalje gewen het, was eintlik maar net ŉ bysaak. Twee jaar later het ons tweede gekom en soos julle weet moet ons in Junie vanjaar vir die vierde keer inskryf. Moenie vergeet om styf duime vas te hou nie.

Van die begin af was ek baie beslis dat die Kollig nooit moet sneuwel aan die hand van dieselfde redaksie nie. My wens sal altyd wees dat dit jonk en lewendig moet bly; Dat dit ŉ ware weerspieëling van ons lede se heerlike stokperdjie sal wees; Meer nog, dat ons deur hierdie nuusbrief van ons, ons lede beter sal leer ken. Dat ons met groot verwagting die nuusbrief aan Brenda Karsten oorhandig, is gewis. Ek weet sommer dat ons lede haar met net so ŉ goeie gesindheid sal verwelkom en dat die Kollig soos altyd sal welkom wees soos wat dit groei. Hiermee dus ook ons dank aan elke persoon wat ons deur die jare gedra het. Julle hulp en insette het die Kollig gemaak wat dit vandag is. Elke fotograaf se foto's wat ek kon plaas, het my waardering vir die fotograwe van VFV net laat groei tot ŉ bewondering van julle vermoëens. Soos ons voorsitter en sy voorganger altyd sê – Dit is nie elke Fotografie Klub wat maandeliks kan spog met ŉ medaljewenner op die voorblad van hul tydskrif nie – en dan kon ek nie eers al die medalje foto's gebruik nie. Julle is werklik prysenswaardig.
Ou Kolle gaan dalk rus, maar ek weet die nuwe 'puppy' gaan met jeugdige vreugde ons harte vol sit. Vir oulaas dus:
Kollerige groete
Louisa












## Vorderingstaat - Johan Enslin en Chanel Enslin

**1.) Salon aannames:**

Salon aannames na Chanel Enslin – **<u>Alle aannames wat sy tot en met die klubaand van daardie maand ontvang het</u>**, sal op vorderingstaat van die **<u>Kollig van die volgende maand</u>** verskyn. **vdbpfotoklub@gmail.com** **Salon resultate, aannames of nie, moet na Chanel toe gestuur word, binne twee maande na die uitslae verskyn het.**

Onthou dat slegs **twee** aannames per foto vir bevordering in die klub aanvaar word. Dui aan waar 'n foto 'n derde aanname of meer het. Internasionale aanvaardings tel slegs vir PSSA Diamond Graderings en nie vir klub bevordering of PSSA Impala trofee nie.

**2.) Klubpunte:**

**Dit is belangrik dat elkeen sy vorderingstatus op Photovault Online moet gaan opdateer. Lede moet ook onthou om hulle Eretitels (Honours) op te dateer op Photovaultonline.**

**3.) Punte Toekenning:**

| VFV (15 Punt Glyskaal) | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | < 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 1 Ster | Geen Toekening | Brons (1 Punt) | | Silwer (2 Punte) | | Goud (3 Punte) | | | Meriete Sertifikaat (4 Punte) | | | | |
| | < 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 2 Ster | Geen Toekening | | Brons | | Silwer | | Goud | | | Meriete Sertifikaat | | | |
| | < 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 3 Ster Kandidaat<br>3 Ster | Geen Toekening | | | Brons | | Silwer | | Goud | | | Meriete Sertifikaat | | |
| | < 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 4 Ster Kandidaat<br>4 Ster | Geen Toekening | | | | Brons | | Silwer | | Goud | | Meriete Sertifikaat | | |
| | < 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| 5 Ster Kandidaat<br>5 Ster | Geen Toekening | | | | | Brons | | Silwer | | Goud | Meriete Sertifikaat | | |
| | < 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| Meester | Geen Toekening | | | | | | | Brons | Silwer | Goud | Meriete Sertifikaat | | |
| | < 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 | 13 | 14 | 15 |
| Senior Meester | Geen Toekening (0 Punte) | | | | | | | | Brons | Silwer | Goud | Meriete Sertifikaat | |

Vir meer inligting oor hoe die vorderingstelsel werk, gaan kyk gerus na www.PSSA.co.za – Onder die CLUBS skakel – CLUB ADVANCEMENT GUIDELINES.

**4.) Aanlyn foto's – HD formaat:**

*Afmetings: 1920 pixels (wydte) x 1080 pixels (hoogte).*
*Die minimum wydte of hoogte is 500 pixels*
*Maksimum Lêer grootte: 1.2 megabytes*

# Digitale Vorderingstaat soos op 2017/05/25

Dion Zijlstra vanaf 2* na 3*
Nicky Jansen van Vuuren vanaf 1* na 2*

| Name | Honours | CurrentLevel | Club Required | Club Current | Salon Required | Salon Current |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Francois Roux | MPSSA Hon FPSSA EPSSA AFIAP | Meester Goud | 198 | 109 | 509 | 553 |
| Johan Brits | FPSSA | Meester Silwer | 198 | 144 | 379 | 380 |
| Pine Pienaar | | Meester Silwer | 198 | 89 | 379 | 450 |
| Henk Scheepers | APSSA | Meester Silwer | 198 | 68 | 379 | 368 |
| Louisa Scheepers | APSSA | Meester Silwer | 198 | 32 | 379 | 369 |
| Koos Fourie | APSSA | Meester Brons | 198 | 298 | 259 | 227 |
| Malinda de Jager | LPSSA | Meester Brons | 198 | 154 | 259 | 231 |
| Hennie Karsten | APSSA | Meester Brons | 198 | 147 | 259 | 304 |
| Haig Fourie | LPSSA (Vers) | Meester Brons | 198 | 54 | 259 | 258 |
| Mietsie Visser | LPSSA | Meester Brons | 198 | 17 | 259 | 221 |
| Danie du Plessis | | Meester Kandidaat | 0 | 255 | 164 | 40 |
| Jan Jacobs | APSSA(Vers) | Meester Kandidaat | 0 | 167 | 164 | 55 |
| Johan Enslin | APSSA | Meester Kandidaat | 0 | 153 | 164 | 135 |
| Werner Nell | None | Meester Kandidaat | 0 | 75 | 164 | 46 |
| Pieter Matthyser | APSSA | 5 Ster | 198 | 195 | 164 | 42 |
| Joey Enslin | APSSA | 5 Ster | 198 | 186 | 164 | 100 |
| Frik Nel | | 5 Ster | 198 | 139 | 164 | 46 |
| Brenda Karsten | | 5 Ster | 198 | 123 | 164 | 93 |
| Tom Prins | FPSSA | 5 Ster | 198 | 123 | 164 | 50 |
| Elsa Brits | | 5 Ster | 198 | 95 | 164 | 50 |
| Renee Storme | | 5 Ster | 198 | 91 | 164 | 101 |
| Etienne Burger | LPSSA | 5 Ster | 198 | 85 | 164 | 34 |
| Deon Ferreira | LPSSA | 5 Ster | 198 | 68 | 164 | 109 |
| Rensia Fourie | LPSSA | 5 Ster | 198 | 38 | 164 | 104 |
| Pieter du Plessis | LPSSA | 5 Ster | 198 | 23 | 164 | 0 |
| Chanel Enslin | | 5 Ster Kandidaat | 0 | 105 | 86 | 71 |
| Sobrina Janse van Rensburg | | 5 Ster Kandidaat | 0 | 48 | 86 | 32 |
| Willie Roux | | 5 Ster Kandidaat | 0 | 47 | 86 | 11 |
| Morne Potgieter | LPSSA | 5 Ster Kandidaat | 0 | 40 | 86 | 68 |
| Frank Dos Santos | | 5 Ster Kandidaat | 0 | 32 | 86 | 11 |
| Hanna Potgieter | LPSSA | 5 Ster Kandidaat | 0 | 28 | 86 | 59 |
| Johann Steyn | | 5 Ster Kandidaat | 0 | 13 | 86 | 12 |
| Marietjie Van Staden | | 4 Ster | 198 | 129 | 86 | 24 |
| Suzy de Beer | | 4 Ster | 198 | 126 | 86 | 14 |

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Attie van Staden | | 4 Ster | 198 | 123 | 86 | 31 |
| Chris Versfeld | | 4 Ster | 198 | 90 | 86 | 3 |
| Gerrie Labuschagne | LPSSA | 4 Ster | 198 | 78 | 86 | 91 |
| Retha Froneman | | 4 Ster Kandidaat | 0 | 33 | 26 | 1 |
| Elsje Vermeulen | | 3 Ster | 154 | 119 | 26 | 1 |
| Grietjie Nel | | 3 Ster | 154 | 101 | 26 | 2 |
| Annelize Coetzee | | 3 Ster | 154 | 76 | 26 | 1 |
| Johan Coetzee | | 3 Ster | 154 | 63 | 26 | 5 |
| Henry Swanepoel | | 3 Ster | 154 | 58 | 26 | 6 |
| Dion Zijlstra | | 3 Ster | 154 | 7 | 26 | 17 |
| Dorothea Steyn | | 3 Ster Kandidaat | 0 | 72 | 1 | 0 |
| Hendrik Haverkamp | | 3 Ster Kandidaat | 0 | 65 | 1 | 0 |
| Pierre Erasmus | | 3 Ster Kandidaat | 0 | 27 | 1 | 0 |
| Elaine Lategan | | 3 Ster Kandidaat | 0 | 19 | 1 | 0 |
| Melissa van Basten | | 3 Ster Kandidaat | 0 | 0 | 1 | 0 |
| Johan Froneman | | 2 Ster | 120 | 103 | 1 | 0 |
| Nicolaas Louw | | 2 Ster | 120 | 79 | 1 | 1 |
| Lourens Swart | | 2 Ster | 120 | 71 | 1 | 0 |
| Lourens Erasmus | | 2 Ster | 120 | 60 | 1 | 0 |
| Elbie Fleming | | 2 Ster | 120 | 38 | 1 | 0 |
| Mark Fleming | | 2 Ster | 120 | 14 | 1 | 0 |
| Susan Jacobs | | 2 Ster | 120 | 9 | 1 | 2 |
| Adrian Weerts | | 2 Ster | 120 | 0 | 1 | 1 |
| Nicky Jansen van Vuuren | | 2 Ster | 120 | 7 | 1 | 0 |
| DRICKY GOUWS | | 1 Ster | 88 | 68 | 0 | 0 |
| Piet Roets | | 1 Ster | 88 | 55 | 0 | 0 |
| Anmar Collins | | 1 Ster | 88 | 44 | 0 | 0 |
| Jaco Kloppers | | 1 Ster | 88 | 40 | 0 | 0 |
| Stefan Roets | none | 1 Ster | 88 | 29 | 0 | 0 |
| CHRIS GOUWS | | 1 Ster | 88 | 14 | 0 | 0 |
| Elrick du Toit | | 1 Ster | 88 | 10 | 0 | 0 |
| Marie Erasmus | | 1 Ster | 88 | 0 | 0 | 0 |

